

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 67**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# WAAROM MOET EK AAN 'N KERK BEHOORT?

Ek neem aan dat u tuis wel nog 'n Bybel het en dat u soms nog daarin lees? Dan sal u weet dat Christus, toe Hy op die aarde was, vir Homself 'n kerk gestig het. As u daaraan twyfel, gaan lees dan gerus maar weer hoe Jesus ampsdraers (apostels) aangestel het (Matt. 4:12 v.v.). Aan hulle het Hy die opdrag gegee om te preek (Matt. 28:19), om mense te doop (Matt. 28:19), om die Nagmaal te bedien (Matt. 26:17-30). Dit was dus nooit die bedoeling van Jesus dat sy volgelinge ongeorganiseerd en los van mekaar op die aarde moet voortbestaan nie. Dan sou die Christendom baie gou tot niet gewees het.

Enige beweging onder mense, of dit 'n politieke party of 'n nuwe sportsoort is, moet georganiseerd wees om te kan voortbestaan, Daarom stig ons politieke partye, liefdadigheidsverenigings en tennisklubs. As u reg sal verstaan — Jesus se party, sy vereniging, sy klub waarin Hy sy mense vergader, is sy kerk.

Wie buitekant die kerk wil bestaan en sy godsdiens tuis wil beoefen, is sonder meer ongehoorsaam aan die uitdruklike opdrag van Jesus. Sulke mense het geen reg op die evangelie nie — nie soos dit in die kerk gepreek word nie en ook nie soos hulle dit tuis in die Bybel lees nie. Jesus het sy Woord aan die kerk gegee en nie aan tuisblyers nie.

'n Generaal reik tog nie bevele uit aan burgers wat op hul eentjie wil oorlog voer en verseg om by die leër aan te sluit nie. Die kerk is Jesus se leërmag. Sulke mense het ook geen reg op die Doop nie. As hulle in hul kleintyd gedoop is, dit wil sê in Christus se kerk ingelyf is, dan is hulle eintlik nou soos mense wat kragtens geboorte en registrasie landsburgers van Suid-Afrika is, maar wat weier om vir Suid-Afrika te veg wanneer daar oorlog kom.

U weet ook watter lelike naam aan iemand wat nie vir sy vaderland wil veg nie, gegee word. Jesus het gesê: "Wie nie vir My is nie, is teen My." Ekskuus dat ek dit sê: iemand wat gedoop is en wat, wanneer hy groot is, sy rug op die kerk van Christus draai, is 'n verraaier van Christus. So 'n persoon staan skuldig aan geestelike hoogverraad. Het u al van Judas Iskariot gehoor?

So iemand mag ook nie Nagmaal gebruik nie. Jesus het die Nagmaal ingestel tot sy gedagtenis. Dit wil sê, dis 'n monument vir Jesus. Ons, sy gelowiges, is die mense wat sy monument telkens weer moet oprig, maar hoe kan die kruisdood van Jesus in gedagtenis gehou word, as daar naderhand niemand meer op aarde is wat Nagmaal gebruik nie?

U glo tog dat Jesus die Seun van God is?

U glo ook dat Hy 'n volmaakte mens was sonder sonde — iemand wat nooit sy vriende slegte raad of 'n verkeerde opdrag sou gee nie. Jesus se opdrag ook vir u: sluit aan by die kerk wat Eksel self gestig het.

U wat half of driekwart of heeltemal sonder die kerk lewe, waarom is u aan hierdie genadige bevel van Jesus ongehoorsaam? Dieselfde Jesus het sy bloed op Golgota geoffer net omdat Hy u belange op die hart gedra het. Nou sê dieselfde Jesus wat u belange so op die hart dra, dat Hy sy bloed vir u geoffer het: dit is nou ook in jou ewige belang dat jy lid van my kerk sal wees.

Hoe kry u dit oor die hart om aan hierdie opdrag van Jesus ongehoorsaam te wees?

# Die kerk, veragtelik . . . EN TOG!

*My vriend, ek wil jou graag vra: Hoe staan jy teenoor die kerk? Hierdie vraag is belangrik, want die veranderde tye waarin ons leef het ook, wat die kerk betref, veranderde beskouings te weeg gebring. Vir baie is die kerk nog steeds iets kosbaars wat hulle intens en met oorgawe liefhet. Vir baie ander het die kerk weer feitlik iets veragteliks geword waaraan hulle hul nie veel meer steur nie, waaraan hulle geen behoefte meer het nie en wat hulle daarom feitlik 'n plek in die wêreld ontsê.*

Ja, vir die moderne mens is die kerk iets wat nie meer in die moderne samelewing inpas nie.

'n Groot groep wil eintlik van die kerk niks meer weet nie. Vir hulle behoort die kerk tot 'n tydvak in die geskiedenis wat verby is — 'n tyd toe die mens nog bereid was om hom te laat voorskryf oor wat hy mag en wat hy nie mag doen nie.

In ons moderne tyd is daar vir die kerk eintlik geen plek meer oor nie en is sy tyd uitgedien. Die mens wil hom nie meer laat voorskryf nie. Hy voel hom nie meer gebonde aan die etiese en morele standarde wat deur die kerk voorgeskryf word nie. Die mens wil vry wees om hom uit te leef volgens sy natuurlike behoeftes en begeertes.

## **Darem nog bestaansreg**

Ander gun die kerk nog 'n bestaansreg in hierdie wêreld, maar op beperkte wyse. Daarvolgens het die kerk nog 'n taak, maar net binne die mure van die kerkgebou en dit net op Sondag. Die kerk moet nog die woord verkondig en hy moet nog weldadigheid aan die armes bewys, maar verder as dit strek die taak van die kerk eintlik nie.

So mag die kerk nie meer sy stem laat hoor in ons volkslewe en die kerk mag nie meer wys op die euwels van die samelewing nie. Die terrein van die politieke, maatskaplike en staatkundige lewe is vir die kerk 'n geslote terrein.

Ja, verag en verstoot uit hierdie wêreld met haas geen doel meer as om die klompie aanhangers wat hy nog het, tevrede te stel en te bedien nie. Dit is wat die kerk vir baie vandag beteken!

## **En tog...**

En tog, hoewel verag en verstoot, kan hierdie wêreld sonder die kerk ook nie klaarkom nie, want die kerk is die ligdraer midde in die duisternis van ons moderne eeu. Die mens is, hoewel hy hom beroem op verligtheid, in 'n stikke duisternis wat net die kerk met die Woord deurdring.

Negatief is die kerk juis die remmende en behoudende faktor in hierdie lewe. Dit word die kerk so dikwels ten kwade toegereken. Tog kan die sogenaamde verligte wêreld, sonder hierdie behoudende invloed van die kerk nie klaarkom nie. Daarsonder sal die wrange vrugte spoedig gepluk word.

Positief gesien, is die taak van die kerk veel groter en heerliker. Die kerk is juis die draer van die heilsmiddele van God:

- Die wêreld soek vrede en kan dit nie vind nie. Die kerk bring die vrede van Jesus Christus.
- Die mens soek vryheid en val steeds dieper in sy verslaafdheid aan die sonde. Die kerk bring die ware vryheid deur die verdienste van Christus.
- Die wêreld soek geluk en sy ongeluk word al groter. Die kerk bring die geluk en die blydschap van Christus Jesus.
- Die wêreld soek 'n gelukstaat. Die kerk bring dit — die Koninkryk van God!

Is jy ook een van hulle wat die kerk verag?

Luister, net so min as wat jy jou eie moeder mag verag, net so min mag jy die kerk verag, want die Kerk is ons moeder wat ons lei na Jesus Christus.

**M. Aucamp.**

# Die kerk voed ons soos 'n moeder

Omdat die mens in sonde geval het, word hy nie met die ware, saligmakende geloof in Christus gebore nie. Nee, die ware geloof moet in die mens geplant word. Jou ouers, jou predikant, jou beste vriend kan die geloof nie in jou hart plant nie. Jy kan die geloof ook nie verdien met al jou goeie werke nie.

Nee, God alleen kan die geloof in ons harte plant (Efesiërs 2:8). Hy doen dit deur die onweerstaanbare werking van die Heilige Gees. Hoe werk die Heilige Gees die geloof? In Rom. 10:17 sê Paulus: “Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God.”

Die Heilige Gees werk die geloof deur die prediking in die kerk. Baie mense reken dat die Gees sommer regstreeks in 'n mens se hart spreek, sonder dat jy na die prediking in die kerk gaan luister. Miskien is jy, wat hierdie woorde lees, ook een van hulle. Laat ons maar dadelik sê dat dit nie is wat Gods Woord sê nie. God se Woord sê dat jy moet kerk toe gaan — en op die tyd wat God bepaal het, werk die Heilige Gees die geloof in jou hart, sodat jy soos die spier van Filippi uitroep: "Wat moet ek doen om gered te word?" (Hand. 16:30).

Hoe versterk die Heilige Gees die geloof? As die Heilige Gees jou onder die prediking by Jesus Christus gebring het, kan jy nie nou maar sê: Ek is nou 'n gelowige — ek het die kerk nie meer nodig nie. Nee, jou geloof is nog maar swak, so tingerig soos 'n klein plantjie. Net soos die plantjie gedurigdeur bemesting, sonskyn en water moet kry om uit te groei tot 'n boom wat vrugte dra — so moet jou geloof elke Sondag twee keer versterk word deur die prediking in die kerk... want die Gees werk in die kerk soos:

die **dou** om die harte van die kleinmoediges te sterk;

die **vuur** om die sonde in die harte te brand;

die **wind** om die harte om te buig in gehoorsaamheid —

en Hy doen dit alles deur die Woord wat in die kerk deur die predikant na jou gebring word.

## Ook iets vir die oog

U onthou vir Thomas? Hy wou nie maar net **hoor** dat Christus opgestaan het nie — hy wou **sien**. Nou ja, die Gees laat ons nie net **hoor** in die kerk nie. Hy gee ons so baie om in die kerk te **sien**. Ek praat van die Doop en die Nagmaal. Net soos 'n onderwyser 'n swartbord gebruik om vir die kinders te verduidelik, so gebruik die Heilige Gees die Sakramente om ons geloof nog verder te versterk.

Die water by die doop wys op die bloed van Jesus Christus wat ons reinig van al ons sonde. Die brood en wyn by die Nagmaal wys op die liggaam en bloed van Jesus Christus wat aan die kruishout vir ons verbreek en vergiet is.

## 'n Ernstige vraag

Voed die kerk as moeder ook vir jou? As jy 'n ongelowige is wat verlang na rus, of as jy 'n twyfelaar is wat verlang na sekerheid, gaan kerk toe. Luister na God se Woord wat vir jou gepreek word. Op die tyd wat die Heilige Gees bepaal het, sal Hy die geloof in jou hart plant — volgens die belofte van die Here Jesus Christus:

"en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Joh. 6:37).

**C. J. Malan.**

# GEBARSTE BORDE EN GEROESTE EMMERS

Wat is die belangrikste? Die voedsel of die bord waaruit jy die voedsel eet? Is dit nie so dat die bord maar gebars kan wees; solank jy net die voedsel te ete kry nie. 'n Geroeste emmer is nou wel nie mooi nie, maar solank dit vir die woestynreisiger water uit die put kan skep, dien dit sy doel.

So is dit ook met die ampsdraers in die kerk. Hulle is die gebarste borde maar dien tog die doel om aan die hongeriges voedsel te gee. Hulle is die geroeste emmers waardeur die dorstige water kry om te drink.

'n Ampsdraer het eenkeer gesê: "Ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag mag wees van God en nie uit ons nie." (2 Kor. 4:7). Die ampsdraers is brose erdekruike, maar nogtans is hulle draers van 'n kosbare skat en dit gaan vir u en my daarom dat ons die skat sal bekom en God loof en prys. Die voedsel en water is tog veel belangriker as die bord en die emmer. Sonder die bord, al is dit gebars, en sonder die emmer, al is dit geroes, gaan die voedsel verlore en is die water nie bekombaar nie.

Teen die ampsdraers van die kerk kan klagtes en besware opeengestapel word totdat hulle begrawe lê onder die klippe waarmee ons hulle gooi: skynheilig; strydlustig en jaloers; geldgierig en naywerig; afgunstig en traag; koud en ontrou... en daar is nog baie meer klippe waarmee ons kan gooi. Die barste en roesvlekke by die ampsdraers is soms so opsigtelik dat dit baie van honger laat omkom en nog meer van dors laat sterf.

Weeg tog wat die belangrikste is. Die bord of die voedsel wat in die bord vir jou gegee word? Is dit nie wyser om maar liewers die koel en vars water geput uit die Bron van die lewe te drink, al kom dit binne jou bereik in 'n geroeste emmer nie? Dit tog eerder so as om van dors te sterwe.

Ondanks die sondige ampsdraers bestaan God se kerk nog al die eeue, want Hy versórg as die getroue Vader, sy kinders. Sy kinders hoef tog nie die gebarste bord te eet of die geroeste emmer te drink nie, maar hulle eet die voedsame voedsel wat God aan hulle bied en hulle drink die Water van die lewe, Jesus Christus.

Waarom bly die kerk voortbestaan en bied dit d.m.v. sondige ampsdraers aan alle mense die voedsel en water van die lewe? Daar is net een antwoord: die kerk is die Here se eiendom. Hy sorg dat sy kerk versorg word met genoeg voedsame voedsel en vars, koel water.

Hy het in sy huishouding soveel ampte ingestel as wat nodig is om te verseker dat al sy kinders 'n goed gebalanseerde versorging deelagtig word:

- Die herder en leraar om Woord en Sakrament te bedien. Deur middel van sy hand bied Christus aan sy volk die Brood en Water van die lewe,
- Die ouderlinge as die "wagters op die mure" om toesig te hou oor die herder en leraar dat hy die kudde hulle voedsel en regte voedsel op die regte tyd gee en om die kudde op te wek om daarvan te eet en dit nie onder die voete te vertrap nie.
- Die diakens om Sy barmhartigheid aan die behoeftiges te betoon.

Elke amp het sy plek en elke ampsdraer sy roeping om te vervul. Wees ongeduldig teenoor die sonde van die man, maar geduldig teenoor die man met die amp.

Ons vra hartgrondig verskoning vir die bars in die bord en die roes aan die emmer maar ter

wille van u heil en God se eer:

EET DIE VOEDSEL EN DRINK DIE WATER WAT HY DEUR SY AMPSDRAERS AAN  
U BIED: JESUS CHRISTUS WAT DIE SONDE VAN DIE WÊRELD WEGNEEM EN 'N  
LEWE SKENK UIT LOUTER GENADE.

**J. J. de W. Kruger.**

# DIE KERK...

## 'n huis vol heerlike warmte

As ons van die warmte in die kerk praat, praat ons van die gemeenskap van die heiliges. Dit is 'n gemeenskap van mense wat glo in Christus, hulle hele saligheid van Hom verwag, gewas is in sy bloed en deur die Heilige Gees geheilig is. Hierdie heiliges is nie sondeloses nie, maar juis mense wat hulle sonde besef en weet dat, buite die bloed van Christus, daar geen saligheid vir hulle is nie.

Dit is dus mense wat hulle sonde ken, maar ook weet dat deur die bloed van Christus hulle gereinig is van hulle sonde. Hulle is mense wat deur die bloed van Christus aan mekaar en aan Hom verbind is.

Binne die Kerk is daar dus tussen die lede 'n bloedband. Die bloed van Christus is die bindende faktor en die geloof in Christus is die gemeenskaplike. Daar is 'n innerlike eenheid — 'n warme gemeenskap met mekaar deur Jesus Christus.

Teenoor die meganiese gemeenskap van die massamens, wil ons die gemeenskap van die heiliges aandui as "organiese" gemeenskap. Om die beeld van ranke te gebruik: teenoor die meganiese saambinding van losgesnyde ranke, vind ons hier dat die ranke almal organies verbind is met die wynstok. Daar is 'n gemeenskaplike innerlike lewe. Die lewensap wat deur die wynstok vloei, voed ook die ranke.

In hierdie gemeenskap leef die lede as 'n familie, 'n geestelike huis, deur bloed aan mekaar verbind, versamel onder dieselfde Vader, onderworpe aan dieselfde Hoof — 'n heerlike, warme gemeenskap, saam met medegelowiges — veral ook aan die nagmaalstafel waar ons die eenheid bely: "Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood."

Uit hierdie gemeenskap vloei dan voort die onderlinge diensbetoon. Elkeen binne hierdie gemeenskap moet sy gawes tot nut en tot saligheid van die ander aanwend. Ek doen dit met gewilligheid, omdat ek my naaste liefhet soos myself, want ons is een liggaam in Christus. Ek doen dit met vreugde, omdat Christus Homself vir my oorgegee het!

Die kerk, die gemeenskap van die heiliges, word aangedui as die liggaam van Christus en die gelowiges is lede van mekaar. Daarom hoort selfsug en jaloesie nie hier nie. Die lede van hierdie gemeenskap soek nie die gemeenskap op om uit die ander voordeel te trek nie. Uit die liefde word die onderlinge begrip, medelye en meelewing met mekaar, die selfverloëning en offerbereidheid gebore; dit alles in diens van Christus, tot sy eer, in onderwerping aan sy gebod: "Jy moet die Here jou God liefhê... en jou naaste soos jouself."

Die meganiese, losse binding van mense, sonder die innerlike binding, is skyngemeenskap. Die organiese, die binding deur die bloed van Christus, is ware, heerlike gemeenskap, heerlike warmte, heerlike samesyn as 'n geestelike huis — een Vader, een Moeder, broeders en susters in die Here!

Die kerk wil as moeder jou die kerklike warmte aanbied wat sy aan haar kinders gee.

**P. J. W. S. van der Westhuizen.**



# HUIS VAN VREUGDE

Soek u nog waarna elke mens soek? Natuurlik! Ons almal soek en verlang daarna: VREUGDE! Sal u my glo as ek sê dat hierdie vreugde as lewensvreugde in u onmiddellike bereik is? Kyk dan nou saam met my!

## **Die leegheid:**

Vreugde en lewensvolheid gaan hand aan hand. 'n Vol lewe, 'n lewe vol harmonie, vol verwagting, vol liefde, vol geleentheid, vol tyd is 'n vreugdevolle lewe.

En nou is ons daaglikse lewe in hierdie wêreld geweldig vol, terwyl die pas byna daaglik versnel, maar kyk om u heen of u die ware lewensvolheid bemerk met al die onvermoeide pogings! Dit is glad nie vreemd nie, want die aarde is leeg! Die aarde het leeg geword deur die sonde. Dit is leeg, omdat daar sedert die sondeval vir God, die Here, geen plek meer oorgebly het nie. Op die aarde is daar nie langer die koninkryk van die hemele nie, maar die ryk van die duisternis met die lewensbeginsel van die hel.

## **Die leegheid altyd voller:**

Die aarde wat so leeg is van God en Sy heerskappy, sou nie leeg bly nie. God laat nie vaar die werk van Sy hande nie. Onmiddellik ontbrand 'n stryd, 'n eeue-lange worsteling tussen die ryk van die lig en die ryk van die duisternis.

"Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel..." (Gen. 3:15). Die koninkryk van God in belofte en kyk — die leegheid altyd voller: die sondvloed en die natuurverbond, die genadeverbond met Abraham, Israel, Sinaï, Rut, Dawid, Salomo! Lees maar die hele Ou Testament... die koninkryk van die hemele is in belofte en altyd voller en voller.

## **Die leegheid vol:**

As dit dan lyk asof hierdie koninkryk in belofte nooit werklikheid sal word nie — wanneer Israel in ballingskap weggevoer en verstrooi word, kyk — hoor Johannes die Doper: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom!" (Matt. 3:2). Jesus word gebore. Jesus Christus sterwe! Hy staan op en vaar op na die hemel en dan is dit Pinkster!

Pinkster, die dag van die uitstorting van die Heilige Gees — lees Hand. 2: "En hulle is almal vervul deur die Heilige Gees." Wat presies gebeur op hierdie dag?

Die leegheid is weer vol, want op hierdie dag het die koninkryk van God gekom. Sedert Pinkster is daar by al die koninkryke ook 'n koninkryk van God en onder en uit al die volkere ook 'n volk van God op aarde — die kerk van Jesus Christus!

In die kerk van Jesus Christus is daar weer 'n volheid in die leegheid op aarde. Hierdie volheid groei oor die mure van Jerusalem tot aan die eindes van die aarde. Elke dag nader dit voltooiing: die Nuwe Jerusalem wat van God uit die hemel op die nuwe aarde onder die nuwe hemel neerdaal.

Daarom is DIE KERK, ONS MOEDER, wat ons voed en versorg met haar moederlike warmte, ons HUIS VAN VREUGDE en in u onmiddellike nabyheid u HUIS VAN VREUGDE!

Vir u is daar ook vreugde in die kerk — 'n vreugde wat alle verstand te bowe gaan.

**A. S. van der Berg.**